Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwysondersteuning

Verwysing: 20210630-4071
Lêerno.: 12/5/R
Navrae: Berenice Daniels

Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwysondersteuningminuut: 0001/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofonderwyskundiges: Inklusiewe en Gespesialiseerde Leerder- en Opvoederondersteuning, Adjunk-hoofonderwyskundiges: Skoolbestuur-en-beheerondersteuning, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders en Prinsipale van openbare skole

Onderwerp: Ondersteuningsbaan om leerders wat hindernisse tot leer ondervind en bykomende ondersteuning benodig, te sif, identifiseer, assesseer en ingryping te verskaf om hulle deelname en insluiting by skole te verbeter

1. Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwysondersteuningminuut 0001/2016 van 23 Maart 2016 bied die raamwerk vir die uitbreiding van inklusiewe en gespesialiseerde ondersteuning volgens die nasionale beleidsdokument in Onderwys Witskrif 6 oor Spesiale Behoefte Onderwys, Julie 2001.

2. Die eerste fase het voorspraak ten opsigte van inklusiewe onderwys, 'n nasionale oudit van ondersteuning wat beskikbaar is en praktiese toetsing by gekose skole ingesluit.

3. Die tweede fase het die volgende ingesluit:

   - die aanwysing van gekose spesiale skole om uitreikingsdienste te verskaf;
   - die aanwysing van gekose gewone skole as voldiens-/inklusiewe skole om hulle bevoeg te maak om leerders met min tot matige ondersteuningsbehoeftes te ondersteun sodat hulle nie na spesiale skole verwys hoef te word nie;

Wharfplein-noord 1, Laer Loopstraat 2,
Strandgebied, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2000 Faks.: +27 21 483 7658

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
Veilige Skole: 0800 45 46 47
wcedonline.westerncape.gov.za

- die vestiging van skoolgebaseerde ondersteuningspanne (SGOS) by gewone skole om die ondersteuning wat by 'n skool beskikbaar is vir leerders wat hindernisse tot leer ondervind, te koördineer; en
- die vestiging van transversale kring-/distriksgebaseerde ondersteuningspanne.

4. Ons is nou in die derde- of bekendstellingsfase. 'n Aantal spesiale skole is in spesialeskoolhulpbronsentrums met multidissiplinêre inklusiewe onderwysuitreikingspanne of gespesialiseerde uitreikingspanne verander. Gekose gewone skole in elke distrik word in staat gestel om as vertoonstukke van inklusiewe skole te dien.

5. Aangesien baie opvoeders wat diens verrig nie die geleentheid gehad het om in inklusiewe onderwys opgelei te word as deel van hulle vooraf diensopleiding nie, word indiensopleidingskursusse oor inklusiewe onderwys beskikbaar gestel.

6. Spesiale skole sal toenemend net omsien na leerders wat groot ondersteuningsbehoeftes het, vir solank as daardie ondersteuningsvlak of die gespesialiseerde dienste wat by die skool beskikbaar is, benodig word. Leerders wie se onderrsteuningsbehoeftes by 'n gewone of voldiensskool tegemoetgekom kan word, mag nie by 'n spesiale skool toegelaat word nie.

7. Soos ons die bekendstellingsfase binnetree, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) 'n omvattende plan om vermoëns vir die uitbreiding van inklusiewe onderwys op te bou, onderneem. Ons het begin met aangewese voldiens-/inklusiewe skole, aangewese spesialeskoolhulpbronsentrums en gespesialiseerde ondersteuningspersoneel, met die doel om alle skole en alle personeel te bereik.

8. Die hersiene Sifting-, Identifisering-, Assessering- en Ondersteuningsinstrument (SIAO-instrument) is in Desember 2014 in die *Staatkoerant* uitgevaardig. Die doel van die SIAO-instrument is om op 'n konsekwente en gestandaardiseerde manier te reageer op die behoeftes van kwesbare kinders of kinders wat voor een of meer as een leerhindernisse te staan kom, en prosedures en instrumente om hulle te ondersteun, te verskaf.

9. Die WKOD het 'n ondersteuningsbaan, wat die SIAO insluit (Bylae A), ontwikkel.

10. Die baan dui die rolle van die opvoeder, die SGOS, die kring-/distriksgebaseerde ondersteuningspanne, spesialeskoolhulpbronsentrums, uitreikingspanne en spesiale skole aan.

11. 'n Protokol vir die beskerming van dokumente (Bylae B) is aangeheg.

12. Toegang tot die beleid en riglyndokumente vir inklusiewe onderwys kan op die WKOD se webwerf verkry word.

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2021-06-30